# *Frontida Outreach*

Andre & Marina Olivier frontidaoutreach@gmail.com

*Building bridges for our Lord and Saviour, Jesus Christ*

Liefste vrinne,

"Being a Christian doesn't change what you deal with. It changes how you deal with it" (Onbekende) . . . Daar is soveel waarheid in hierdie woorde. As ons die wortes van Jesus se gesindheid in ons toelaat om te groei, sal dit ons verander om alle situasies met dieselfde gesindheid te hanteer soos wat Jesus dit sou doen.

Op 20 September vertrek ons op 'n ses weke lange uitreik na Laos en Loei toe. Ons keer weer 30 Oktober terug. Volgens die nuutste sensus opnames val Laos onder die eerste twintig lande van vervolging. Selfs tydens die dienste by die kerkies in Laos, daag die owerhede op om te luister na die preke. Hulle luister of daar nie enige "lastering" of "verkeerde denke" verwys word na die regering nie. Die regering is 'n kommunistiese regering en hulle monitor die kerke om te luister of die kerke nie enige afbreek of negatiewe denke het rondom die "beeld van Laos" na die buite wêreld het nie. Die werklikheid en die beeld wat Laos openbaar is twee hemelbrëe persepsies. Dit maak dit moeilik vir pastore en kerk leiers om dan die "boodskap van waarheid" oor te dra. In Laos is daar meer ondergrondse kerke as sienbare kerke waarvan owerhede nie weet nie. Ons sien werklik uit daarna om Jesus se liefde te gaan deel en ons mede broers en susters aan te moedig, te ondersteun en helpende hande te gee vir hulle bedieninge.

Die monsoon is nog sterk aan die gang hier. Dit is so mooi om die ryslande te sien groei. Nooit geweet die ryslande groei so hoog soos 60-80cm hoog nie. En hulle lê so dig teenmekaar. Party reislande lyk soos 'n gras groen mat. En dan as die groen se kleure so effens verskil op plekke – Abba Vader weet maar net hoe om die natuur in te kleur. Volgens die Thai's val die meeste rëens in September. Prys die Here vir Sy voorsiening van die rëens.

Elke Vrydag aand gaan doen ons "street walking", of soos ons dit noem "treasure hunting" om die liefde van Jesus te deel. Wat dit ongelooflik maak is juis dat jy nie weet wie die persone is wat Abba Vader op jou pad gaan bring nie. Ons bid voor die tyd vir die Heilige Gees om individue uit te wys (hoe hulle lyk, watter klere hulle aan het, is daar iets spesifieks wat huideglik in die individu se lewe aan die gebeur is ens). Wanneer die Heilige Gees dit vir ons openbaar dan sal Hy ook vir ons aandui waarheen ons moet gaan. Ons beweeg gewoonlik in groepies van drie persone. Ongelooflike getuienisse stroom in elke week van individue wat bereik is. Getuienisse van verlorenes wie se lewe aangeraak is van die paar minute van Jesus se liefde wat met hulle gedeel is. Die lekkerste is die opvolging na 'n week of twee. En wanneer hulle jou weer nooi om te kom kuier laat die hart vinniger klop van opgewondenheid. Alle eer aan Abba Vader.

Ons sal eers weer einde Oktober 'n nuusbrief weer uitstuur. Wanneer ons Laos toe gaan los ons die skootrekenaars en als by die huis. Die risiko is te groot om die toebehore saam te neem. Ons sal tot en met 19 September nog beskikbaar wees op epos, facebook ens. Sal eers dan weer van 1 November beskikbaar wees.

Gebedsversoeke:

- Bid asseblief verder vir die DTS studente en fasiliteerders vir 'n Geesvervulde tyd wat voorlê.
- Vriende, ons vra VIR ERNSTIGE gebede vir Abba Vader se finansiële voorsiening vir die uitstaande kostes wat Frontida nog moet betaal vir die DTS skoolgelde. Frontida kort nog net R6000 om sy uitstaande skuld te delg. Ons moet die kostes teen 19 September finaal betaal daarom vra ons julle om saam met ons ernstig te bid vir Abba Vader se voorsiening en guns.

- Bid GROOT ASSEBLIEF vir ons Laos uitreik. Bid vir God se beskerming en dat die Heilige Gees ons sal ly waar ons benodig word om nog verder aan Sy Koninkryk's werk te help voltooi.
- Bid asseblief vir vrugbare tyd na die DTS opleiding hier in Thailand tot en met ons in Desember Suid Afrika toe vertrek om familie en vriende te besoek.

Tydens ons besoek in Suid Afrika (middel Desember tot ongeveer 16 Maart) wil ons graag by al ons Frontida vriende, ondersteuners uitkom om meer te vertel van ons doen en late hier. Laat weet ons asseblief per epos wanneer dit moontlik sal wees om te kom kuier. Ons het nodig om ons program van besoeke voortydig uiteen te sit, so ons sal waardeer as julle ons sal laat weet wanneer en of julle beskikbaar is.

Julle is ons ondersteuners en ankers in gebed. Dankie dat julle ons in staat stel om met ons bediening, Frontida Outreach, die Evangelie te kan verkondig hier in Kanthararom, Thailand Indien julle finansiële ondersteuning vir ons bediening wil doen, kan julle van die onderstaande bankbesonderhede gebruik maak.

| | |
|---|---|
| Rekening Naam: | Frontida |
| Bank: | Capitec Bank |
| Rekening Nr: | 1317286438 |
| Tak Kode: | 470010 |

Die Here van die oeste sëen elkeen van julle ryklik.





**Andre & Marina Olivier**

**Kanthararom, Sisaket**

**Thailand**

**Facebook (Andre Olivier, Marina Olivier, Frontida Outreach)**